

16

BELYDENIS

My eietydse belydenis

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat hulle soos Tomas ook hul geloof met verwondering kan uitspreek.

SPEKIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat hulle hul geloof in hul eie woorde mag uitspreek.

Gesindheid

Die kinders moet met vreugde hul geloof in God wil bely.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om hul eie geloof in God teenoor iemand anders te verwoord.

MEER INLIGTING

Bring jouself op die hoogte met Johannes 20: 19-31, Jakobus 3: 5-12, die Twaalf Artikels en MEER INLIGTING by Les 12.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Los velle papier vir rofwerk.

KOM ONS BEGIN

Open deur Gesang 207: 1, 3 en 5 saam te sing of voor te lees.

*Eer aan die Vader, wat alles gemaak het;
eer aan die Seun, ons Verlosser en Vriend;
eer aan die Gees wat ons lei in die waarheid –
aan God drie-enig, ons lof en ons lied.*

*Wek in ons liefde, o Heer, vir u waarheid;
waarheid gee insig, versterk en maak vry.
U is die Waarheid, die Weg en die Lewe;
U woon in ons en laat ons in U bly.*

*Heer van die skepping en Heer oor ons lewe,
niks wat U aandag, u almag ontgaan.
Groot is u werke, herskeppend u liefde;
heerlik, o Heer, is u heilige Naam.*

Refrein:

*Ere aan God! Die Heer van alle here
woon ook in ons deur sy Woord en sy Gees.
Gee ons die liefde, geloof en vertroue
om u gehoorsame kinders te wees.*

HET HULLE GEDOEN EN KAN HULLE ONTHOU?

- Laat die kinders terugvoer gee oor die Bybelstudie wat hulle gedoen het en wat dit vir hulle as gesin beteken het.
- Gee geleentheid aan die kinders om te gesels oor die boodskap van Psalm 130.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Vra die kinders wat mense alles kan doen en bereik met hul monde en woorde. Die volgende moet uitgewys word: As jy woorde reg gebruik, kan jy mense vertroue en bemoedig. Met woorde prys ons die Here. Maar jy kan met jou mond en woorde iemand se lewe verwoes. Mense kan selfs met woorde 'n oorlog begin. Dink maar aan wat 'n skinderstorie aan iemand kan doen!

Laat hulle 'n bietjie gesels oor watter skade mense met woorde kan aanrig.

Lees Jakobus 3: 5b-12 aan hulle voor.

Wys daarop dat die tong kan verwoes en vernietig.

- Met ons tonge skinder ons en vloek ons ander mense.
- Met my tong kan ek die Here loof en aanbid.
- Dieselfde tong word gebruik om ons geloof in God te bely.

Wanneer ons ons geloof bely, doen ons dit saam met miljoene ander gelowiges deur vaste formules te gebruik. Die Twaalf Artikels, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis genoem na Athanasius is voorbeelde hiervan.

Ons kan ook met ons eie woorde ons geloof bely. 'n Belydenis is om openlik uit te spreek wat

jy glo oor wie die Here is, wat Hy vir jou beteken en wat jy oor Hom wil getuig.

IETS INTERESSANT

Vertel die gebeure oor Tomas wat aanvanklik nie wou glo nie (Joh 20: 19-31) hieronder.

Op dieselfde Sondagaand waarop die opstanding plaasgevind het, het tien dissipels agter geslote deure bymekaargekom uit vrees vir die Joodse leiers. Daar was net tien want Judas, wat Jesus verraai het, en Tomas was nie daar nie. Hy het tussen die dissipels gaan staan en hulle met die tipiese Hebreeuse groet gegroet: *Vrede vir julle!* Om aan die dissipels te wys dat dit werklik Hy was, wys Jesus vir hulle sy hande, gewrigte en sy. Toe die dissipels besef dat dit Jesus was, Jesus wat hulle drie dae gelede begrawe het, was hulle baie bly. Hulle kon nie wag om met groot blydschap en opgewondenheid vir Tomas te vertel wat hulle gesien het nie. Tomas wou hulle nie glo nie. Hy wou self sien, Hy wou self seker maak dat dit werklik Jesus was en dat die ander dissipels hulle nie net verbeel nie.

Die volgende week, die Sondagaand, agt dae later, was die dissipels weer bymekaar en hierdie keer was Tomas ook saam met hulle. Jesus het weer aan hulle verskyn. Hy het geweet dat Tomas nie wou glo dat Hy opgestaan het nie. Hy nooi Tomas uit om nader te staan en self na sy hande te kyk. Ook om sy hand in Jesus se sy te steek en te voel waar die spies ingestek was.

Tomas het gesien en geglo en dadelik bely: *My Here en my God*. Met hierdie vier woorde bely Tomas sy geloof. Vir Tomas was Jesus nie net sy Here nie, maar God self. Hierna maak Jesus 'n belangrike opmerking wat elkeen van ons raak: *Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo*.

Ons wat Jesus nie persoonlik na sy opstanding gesien het nie, is nie slegter af as hulle wat dit wel gesien het nie. Die Heilige Gees oortuig gelowiges al vir honderde jare dat dit wel waar is, en so het hulle dit ook bely. Saam met miljoene ander gelowiges bely ons deur die werking van die Heilige Gees met die Twaalf Artikels, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis genoem na Athanasius dat ons glo in die drie-enige God en alles wat Hy vir ons doen.

Ons het nie nodig om ons geloof elke dag so formeel te bely nie. Wat in hierdie belydenisse staan, kan ons ook in ons eie woorde uitdruk. Ons kan selfs net die woorde van Tomas gebruik: *My Here en my God*. Of soos Petrus dit doen in Matteus 16: 16: *U is die Christus, die Seun van die lewende God*.

Wat belangrik is, is dat jou belydenis uit jou hart moet kom. As ons met ons monde bely dat Jesus ons Here is, moet ons daade hierdie belydenis bevestig. Ons moet met blydschap getuig en leef, en ons moet ons opgewondenheid oor God se groot daad in Jesus Christus aan die wêreld wys.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by die kinders in:

- Ons bely ons geloof saam met miljoene ander gelowiges deur –
 - die Twaalf Artikels.
 - die Geloofsbelydenis van Nicea.

- die Geloofsbelydenis genoem na Athanasius.
- Ons kan ook met ons eie woorde ons geloof bely deur openlik uit te spreek –
 - wat ons glo oor wie die Here is.
 - wat Hy vir ons gedoen het.
 - wat Hy vir ons beteken.
 - wat ons oor Hom wil getuig.
- Voorbeelde van kort belydenisse in die Bybel is dié van –
 - Tomas: *My Here en my God* (Joh 20: 28).
 - Petrus: *U is die Christus, die Seun van die lewende God* (Matt 16: 16).
- Wat belangrik is as ons ons eie belydenis maak, is dat –
 - jou belydenis uit jou hart moet kom.
 - ons dae ons belydenis moet bevestig.
 - ons met blydschap moet bely, getuig en leef.
 - ons ons opgewondenheid oor God aan die wêreld moet wys.

IETS OM TE DOEN

Gee aan die kinders 'n los vel papier om hul eie belydenis te skryf – eers rofweg op papier en dan tuis in hul boeke. Verduidelik aan hulle dat wanneer hulle die belydenis skryf, dit in hul eie woorde en taal moet wees. Die mense rondom hulle moet dit ook verstaan. Hier moet hulle dink aan hul vriende en breër familie. Hulle moet ook onthou dat wanneer 'n mens jou geloof bely, dit dalk teenoor mense is wat God, die Bybel en die Kerk glad nie ken nie.

'n Moontlike voorbeeld is:

Ek glo God is my Vader en Hy het my baie lief. Hy gee alles wat ek nodig het. Ek glo Jesus vergewe my sonde en gee vir my die ewige lewe. Ek glo die Heilige Gees bly elke dag by my. Hy laat my liefhê, maak my bly en rustig en geduldig. Ek is God se kind en glo Hy sal my altyd versorg en liefhê.

Gee aan hulle die geleentheid om hul belydenis voor te lees. Laat hulle verduidelik hoekom hulle hul gevoel so uitgedruk het.

BY DIE HUIS

DOEN

Laat hulle tuis elke dag van die komende week hul eie geloofsbelydenis deurlees. Hulle kan veranderinge aanbring soos hulle goeddink. Hulle kan selfs die hele belydenis herskryf. Hulle gaan lees dit aan hul gesin voor en aan 'n maat by die skool. Hulle skryf dit oor in hul boeke en bring dit volgende keer saam en lees dit weer aan die klas voor.

LEER

Laat hulle die Ons Vader-gebed leer. Beklemtoon dat dit 'n modelgebed is wat hul geloof en belydenis kan versterk.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.